

## CONTENTS

### **The soul of the white ant plagiarised...**

A discussion by Fèbé van Niekerk on a controversial issue 20

### **Vaselinetjie** Anoeschka von Meck

Bibliotekaris Ronél McKnight se interessante bespreking van die novelle 20

### **Christian fiction update... some more recent titles in our collection**

Book Selector Margaret Iskandar provides an interesting and stimulating insight into this genre with its growing appeal 22

### **Booklist - Christian fiction**

An accompanying booklist by Margaret Iskandar 24



## Vaselinetjie

*Anoeschka von Meck*

RONÉL MCKNIGHT

Bibliotekaris, Piketberg Openbare Biblioteek

### Die skryfster

Anoeschka von Meck se debuutroman, **Annerkant die longdrop**, het ses jaar gelede verskyn. Hierdie boek met sy diepgaande en wroegende tema is in slegs drie weke geskryf. **Vaselinetjie**, daarenteen, is 'n lekkerlees-tienerroman. Anoeschka het vier jaar by die Herberg-kinderhuis op Robertson gewerk, en skryf dus uit eerstehandse ervaring. (Gebeure in die boek verwys egter nie na hierdie spesifieke kinderhuis nie.)

Die naam Vaselinetjie het Anoeschka raakgeloop toe sy op die Bolandse dorpie

McGregor gewoon het en eendag op 'n boer se bakkie afgekom het waarom die honde die hele tyd gedraai het. By nadere ondersoek kom sy toe op 'n piepklein dogtertjie af wat sê haar naam is Vaselinetjie en sy ry saam met die boer tussen die landerye rond totdat hy dorp toe gaan en vir haar lekkers koop. Sy het toe reeds geweet dat sy hierdie naam weer eendag gaan gebruik.

Die idee van die boek het ook sy oorsprong by 'n ware gebeurtenis; jare gelede is daar buite Swakopmund 'n pasgebore dogtertjie langs die treinspoor gevind waar sy vir dood gelos is. Weens haar toestand kon haar kultuurgroep nie bepaal word nie. Anoeschka het haar later self ontmoet - 'n bedorwe poppie wat almal om haar pinkie draai!

**Vaselinetjie** is geskryf uit eie ervarings wat Anoeschka tydens haar werk in die kinderhuis gehad het. Sy beskou die kinderhuis as 'n leerervaring.

Binne 'n jaar is ses huismoeders deur die kinderhuismeisies verwilder. Die meisies het gereeld handgemeen geraak en baie gejoj. Baie van die kinders is gemolesteer of verkrag en het as prostitute gewerk. Ook van hulle ma's is prostitute. Selfs dié wat niks makeer het nie word soms afgetakel deur die ander kinderhuiskinders. In die kinderhuis word die poppe se arms en bene afgebreek en in 'n kartonboks weggesluit omdat dit assosiasie met die seksuele is.

Die kinders ken nie die emosie om iemand lief te hê nie. Hulle sê vir almal hulle is lief vir hom/haar. Anoeschka moes hulle leer dat jy eers iemand moet kén voor jy vir hom/haar lief kan word. Die kinders besef ook dat hulle in die kinderhuis met allerhande mooi woorde gepaai word sonder dat dit bedoel word (soos, byvoorbeeld, die fondsinsamelingsete wat in die kinderhuis gehou is en waarna Texan verwys as 'ons-eet-visgrate-so-ou-ontog-'n-randjie'). In die kinderhuis gaan dit om verwerpe kinders wat om oorlewing veg.

Vir Anoeschka was die boek terapie om die dinge in die kinderhuis te verwerk. Die

boek is aanvanklik ook nie as 'n tienerboek bedoel nie. En hoewel die boek as fiksie bemark word, is dit grotendeels die waarheid, hoewel die storielyn fiktief is. Die karakters is saamgestel uit verskillende kinders wat Anoeschka geken het. Seuns het meisies geword en meisies seuns. Op hierdie manier is almal se identiteit beskerm. Die karakter Texan het ook wel bestaan. Vandag het hy klaar gestudeer en is 'n rekenmeester in Engeland. So daar was werklik 'n goeie einde!

Volgens Anoeschka is baie van die kinderhuiskinders wanaangepas nadat hulle die kinderhuis verlaat het. Hulle het nooit 'n ander huis geken nie en kom telkens terug kinderhuis toe. Hulle weet nie hoe om sonder ligte te slaap nie (in die kinderhuis moet die ligte voortdurend brand) en kan nie iets eenvoudigs doen soos om brood met 'n mes te sny nie, want hulle word nie in die kinderhuis toegelaat om skerp messe te hanteer nie.

Die boek was aanvanklik 'n lywige stuk werk. Sy wou dit oorspronklik 'n reeks van drie boeke maak, maar nadat dit onder hande geneem is, is dit afgeskaal en meer jeugvriendelik gemaak.

'n Punt van negatiewe kritiek was die vuil taalgebruik in die boek. Volgens Anoeschka het sy dit nie naastenby so erg geskets soos dit in die werklikheid was nie. Sy het dit nodig gevind, dit is soos die kinderhuiskinders praat en was dus nodig om die realiteit uit te beeld.

Die boek lees lekker en is deur almal geniet wat dit gelees het. Daar is genoeg humor, drama, spanning en liefde om dit boeiende leesstof te maak.

Die skryf van die boek was vir Von Meck terapeuties na al die jare.

Buiten skryf, werk sy as verslaggewer by **Rapport**. Sy het 'n MA-graad in argeologie (met Egiptologie as spesialisgebied).

## Die storie

**Vaselinetjie** is die verhaal van Helena Bosman - Vaselinetjie genoem omdat haar ouma altyd haar skurwe bene met Vaseline ingesmeer het. Sy word groot by haar ouma en oupa in die Noord-Kaap naby Upington. Ouma Kitta en oupa Simon is bruinmense en Vaselinetjie is in die bruin skool.

Oupa Simon het naby die asgate op 'n babadogtertjie afgekom. Sy was vol blase gebrand deur die son en oortrek van die miere. Hoewel hy die baba na die polisiekantoor geneem het, is hy verwilder

en is gesê dis weer 'n bruin weggooikind wat hulle nie wil hê nie. Omdat hulle self kinderloos was (twee van hulle eie kinders is dood), het hulle besluit om die baba te hou en het weggetrek na 'n ander dorp.

Namate Vaselinetjie grootgeword het, het daar egter twyfel begin ontstaan oor haar herkoms. Hoewel sy soms self gewonder het, het Vaselinetjie nooit gevra nie. Sy was lig van kleur en het lang, styl donker hare gehad. Sy moes ook baie spot by die skool verduur hieroor. By Vaselinetjie was daar egter geen twyfel dat sy haar ouma en oupa se kind is nie.

Op 'n dag het die Welsyn egter gekom, en Vaselinetjie is weggestuur na 'n kinderhuis in Johannesburg. Vaselinetjie het geglo dis net 'n gewone ander skool totdat sy op 'n wrede manier deur een van die kinderhuismeisies ingelig is dat sy 'n 'orphan is in Madiba se weeshuis'; 'n weggooikind wat niemand wil hê nie'.

In die kinderhuis wag baie ander ontnugterings op Vaselinetjie. Sy is nie gewoond om in 'n kamer saam met so baie ander kinders te slaap nie en ook nie aan die bakleiery en gevloek, nors tannies en tweedehandse skoolklere nie. Vaselinetjie se grootste teleurstelling was egter dat haar ouma en oupa die hele tyd geweet het dis 'n kinderhuis, maar dit vir haar stilgehou het.

Vir die kinderhuiskinders is Vaselinetjie weer 'n rare verskynsel: sy lyk wit maar praat met 'n Kaapse aksent. Vaselinetjie onthou dan net ouma Kitta se woorde dat "n mens is wat die Liewen Vader jou gemaak het, 'n mens moet dit so aanvaar en daarmee saamlewe. God maak nie foute nie'.

Vaselinetjie leer ken die reëls van die kinderhuis en dat kinderhuislewe nie maklik is nie. Van die kinderhuiskinders word as die Peppies gepraat: hulle dra 'rejects wat Pep Stores donate'. Aan die begin verlang sy na haar eie huis; om saam met Ouma en Oupa kerk toe te gaan; die Stasoft-reuk aan haar klere

en Ouma se lekker kos. Hier is sy soms so honger, sy droom van kos!

Aan elke kinderhuiskind is 'n maatskaplike werker toegesê om na hulle belange om te sien. In meneer Kedibone, 'n swart man, vind Vaselinetjie 'n vertroueling en vriend.

Ná ses maande in die kinderhuis, besef Vaselinetjie klaar dat sy iemand anders is. Sy het 'n sertifikaat vir Beste Vordering gekry en sy weet ouma en oupa sal baie trots wees op haar. Sy besef egter ook dat die

ou Vaselinetjie en ou lewe iets van die verlede is. Dit wat mense nou van haar sien, is nie die waarheid nie - sy is eintlik 'n tweegesig. Sy wonder of sy is wat die kinders sê sy is: 'n Basterblanke?

Vaselinetjie word deur die ander kinderhuiskinders beïnvloed en 'whallap' 'n paar keer (loop weg). Genadiglik word hulle elke keer teruggebring kinderhuis toe. Saam met Puck beland sy egter in die agterstrate van Johannesburg en kry vir die eerste keer in haar lewe te doen met prostitusie (waarby Puck en haar ma albei betrokke is).

Al sit die kinderhuiskinders tussen die ander kinders in die skoolsaal, kan hulle maklik uitgeken word aan hulle ou grys skoolhemde terwyl die res van die kinders al die nuwe wittes kon aankoop. Vir Vaselinetjie voel dit of die skoolhoof nie van die kinderhuiskinders hou nie en gedurig net met hulle raas in die saal. Vir haar 'is dit 'n erg ding om te weet dat mense nie worry of jy goed of sleg is nie. Hulle besluit sommer klaar hulle wil jou nie hê nie. Nie vandag nie en ook nie volgende jaar nie. Nooit nie'. Net hier besluit Vaselinetjie om op te hou om goed en lief en dierbaar te wees soos sy grootgemaak is. Sy gaan ophou om ouma Kitta en oupa Simon trots te maak op haar. Alles is in elk geval verniet. Niemand traak nie - solank jy net nie hulle lewens moeilik maak nie. Sy besluit dat sy nou, soos die ander kinderhuiskinders, net gaan probeer om deur die dae te kom. Van nou af het sy ook 'n loop soos die ander kinderhuiskinders wat sê dat jy jou afvee aan almal.

Na hierdie besluit voel Vaselinetjie vir die eerste keer regtig deel van die kinderhuiskinders. Toe die koshuisvader, Hefner, beveel dat al die kinderhuiseuns se hare poenskop geskeer moet word, doen eers Killer, en later ook die ander meisies, dieselfde uit protes. Hierna is daar 'n ander gevoel tussen die kinderhuiskinders. Hulle is nou 'n hegte groep wat vir mekaar opkom en baklei as dit moet.

Met Vaselinetjie se eerste besoek aan haar eie huis, is sy baie teleurgesteld en onthou sy Killer se kinderhuisreël nommer driehonderden-sewe: 'MOET NOOIT NA ENIGIETS UITSIEN NIE!' Sy en haar ouma en oupa is vreemd vir mekaar. Sy is nie meer die ou Vaselinetjie nie. Later besef Vaselinetjie dat haar ouma en oupa se vreemde gedrag voortspruit daaruit dat hulle nou finaal besef het sy is 'n wit kind en hulle waarskynlik bang was vir die vrae wat sy mag vra. Sy het gedog hulle verwerp haar en hulle was weer bang sy verwerp hulle noudat sy so wit uitgedraai het.

In haar graad agt-jaar raak Vaselinetjie verlief op Texan Kirby, een van die kinderhuiseuns. Hy is goed gebou, aantreklik en kan baklei. Ook dié liefde laat Vaselinetjie spesiaal voel. Met die verkiesing van die leerlinggraad word



Texan as hoofseun en Vaselinetjie as prefek verkies.

Met haar tweede besoek aan haar ouma en oupa, gaan dit baie beter. In haar **Bybel** skryf sy dan ook: Haar hare is weer lank; sy't 'n kêrel; sy't graad 10 deurgekom en is prefek; sy't 'n ouma en oupa wat lief is vir haar; sy't pêle; sy glo God is haar Hemelse Vader en sy is nie meer 'n slagat nie, al voel sy soms nog bang en onseker. Sy is dus 'n Vaselinetjie met selfvertroue en nie een wat haarself bejammer nie.

Met die kinderhuis se fondsinsamelingsete vind Texan (met 'n bruin ma en blanke pa) uit dat Vaselinetjie bruin grootouers het. Seergemaak omdat sy hom nie vertrou

het nie, verbreek hy die verhouding en Vaselinetjie voltooi haar skoolloopbaan met 'n gebroke hart sonder Texan. Sy ontvang wel later 'n brief waarin hy om verskoning vra vir sy gedrag.

Terug by die huis moet Vaselinetjie oor haar toekoms besluit. Haar oupa kom egter met die nuus dat hy gaste vir middagete genooi het. Hy het die seun gehelp om werk te kry op Upington. Hy wil spaar om verder te gaan studeer - Texan Kirby en sy ma! 'Vaselinetjie voel hoe die son se helder lig haar lyf volmaak asof die Groot Beplanner so pas tot in haar hart geglimlag het.'

Die boek eindig met: 'Nie die einde nie, maar 'n begin.'